

INLIGTINGSTUK TEN OPSIGTE VAN HUWELIKSBEVESTIGING (2023)

Liewe voornemende egpaar

Hierdie dokument bevat :

AFDELING A: Wenke en inligting met die oog op reëlins vir die huweliksdag.

AFDELING B: Die huweliksbevestiging-aansoekvorm wat ná voltooiing aan die huweliksbevestiger (predikant) besorg word.

AFDELING C: Administratiewe foie

AFDELING D: Huweliksformulier

***As die Here die huis nie bou nie,
swoeg dié wat daaraan bou, tevergeefs.
Psalm 127:1,2***

AFDELING A: WENKE EN INLIGTING

1. Vasstelling van Troudatum

Nadat op 'n troudatum besluit is, moet julle asb seker maak dat die lokaal waar julle wil trou (kerkgebou of ander lokaal), asook die predikant beskikbaar is. Bespreek die voorgenome datum, tyd en lokaal met die betrokke predikant voordat enige verdere reëlins getref word. Maak terselfdertyd 'n afspraak vir die reël van huwelikskategese.

<u>Predikante:</u>	<u>Tel.no.:</u>	<u>e-adres:</u>
Ds Willem Smit	078 788 3929	willem@ngkhartenbos.co.za

Ds Johan Engelbrecht	082 372 672 9	johan@ngkhartenbos.co.za
Ds Divvie van Niekerk	0832344328	divvie@ngkhartenbos.co.za
Kerkkantoor	044 695 0440	antoinette@ngkhartenbos.co.za

2. Bespreking van Lokaal

Bespreek die lokaal waar die huweliksbevestiging moet plaasvind. Indien die huweliksbevestiging in die kerkgebou plaasvind, moet die kerkgebou by die kerkkantoor bespreek word.

Skriba : Mev Antoinette Steenkamp

Kantoor tel no : 044 695 0440

Belangrike inligting vir die oorweging van die lokaal waar die huwelik bevestig moet word: (November 2009)

Die wet vereis dat die huwelik bevestig word in 'n gebou, waarvan die deure kan oopstaan, in die teenwoordigheid van beide partye en ten minste twee getuies.

Die wet spesifiseer ook verder die volgende 4 plekke:

- 2.1 Enige gebou wat as plek van aanbidding vir die algemene publiek dien, vir die geloof waarvoor die predikant as huweliksbevestiger optree. In die geval van die NG Kerk predikante sal dit dus die NG Kerk geboue en sale wees.
- 2.2 Publieke gebou – bv. gebou van Departement van Binnelandse Sake.
- 2.3 Privaat woonhuis – bv. ook pastorie van NG Kerk gemeentes.
- 2.4 Hospitaal / versorgingsoord / ouetehuis – in die geval waar een of beide van die partye langtermyn of ernstig siek is, of 'n liggaamlike gebrek het, wat dit vir hom/haar onmoontlik maak om by een van die plekke genoem in 1-3 in die huwelik te tree.

Daarom moet veral gemeld word dat huwelike wat bevestig word op plase, die strand en eetplekke met groot versigtigheid hanteer moet word. In die geval van plase en eetplekke mag daar nie kennisgewings verskyn wat toegang tot die perseel beperk nie. Die woorde “*reg van toegang voorbehou*”, “*privaat eiendom*”, “*toegang slegs met uitnodiging*” of “*oortreders sal vervolg word*” mag dus nie by die toegang tot die terrein aangebring wees nie. Hierdie kennisgewings mag ook nie net vir die dag toegemaak of verwyder word nie, aangesien die persepsie reeds by die publiek gevestig is. Die rede hiervoor is hoofsaaklik dat enige lid van die publiek vrylik toegang tot die huwelik moet kan hê, sou hy/sy beswaar teen die huwelik wou aanteken.

Die bevestiging van 'n huwelik op die strand is nie *wenslik* nie, aangesien dit nie 'n gebou is waarvan die deure kan oopstaan nie. [Hierdie deel van die wetgewing word tans deur die Departement van Binnelandse Sake heroorweeg.] Totdat dit aangepas word, is dit wenslik dat die wetlike deel van die huweliksbevestiging in 'n toepaslike gebou plaasvind (selfs 'n dag of wat voor die bestemde datum).

3. **Koster**

Indien die huweliksbevestiging in die kerkgebou plaasvind, moet die koster gekontak word om praktiese reëlings te tref vir die dag van die bevestiging.

Koster : Mnr Erasmus

Koster Tel No : 084 799 0440

4. **Orreliste**

Indien die huweliksbevestiging in die kerkgebou plaasvind, sal die plaaslike orreliste beskikbaar wees vir musiek-voorspel en –begeleiding. Kontak die orreliste om hierdie aangeleentheid met haar te bespreek. Bespreek ook met die orreliste of daar enige solis- of instrument-begeleiding moet plaasvind.

Orreliste : Me Annette Strydom

Orreliste Tel No : 076 857 2900

LW: Indien die huweliksbevestiging in die kerkgebou plaasvind en julle van 'n ander orrelis(te) gebruik maak...

...moet julle dit asb met die huweliksbevestiger (predikant) bevestig.

...moet dié orrelis(te) bekwaam wees om op die kerkorrel (pyporrel) te speel.

5. **Huweliksbevestigingsgelde**

Alle huweliksbevestigingsgelde is by die kerkkantoor betaalbaar en moet ten minste een week vóór die huweliksbevestiging inbetaal word.

Die volgende fooie is van toepassing:

[Let asb daarop dat hierdie fooie elke finansiële jaar (28 Feb) aangepas word. Dit mag dus wees dat die tariewe intussen verhoog, indien die bespreking in 'n vorige boekjaar gemaak is.]

<u>Administratiewe Fooi</u> :	R950-00	(Vir gemeentelede)
	R1200-00	(Vir nie-gemeentelede)
<u>Kerkgebou:</u>	Gratis	R0-00 (Vir gemeentelede)
	R500-00	(Vir nie-gemeentelede)
	R300-00	(Indien van rekenaar gebruik gemaak word vir by Powerpoint aanbieding)
<u>Koster</u> :	R350-00	
<u>Orreliste</u> :	R600-00	(Indien daar geen solis- of instrument-begeleiding plaasvind nie.)
	R650-00	(Indien solis- of instrument-begeleiding ook plaasvind.)
<u>Reiskoste:</u>	Indien julle huwelik in 'n ander lokaal as die kerkgebou bevestig word, moet die predikant se reiskoste na en van die lokaal asb ook bybetaal word [R3/km].	

Rekeningdetail:

Alle fooie is betaalbaar in die Gemeente se Rekening.

Rekeningnaam: NG Kerk Hartenbos

Tjekrekeningno.: 2070580015

Bank: ABSA BANK

Takkode: 632005

Verwysing: Troudatum, predikant se van

6. Blomme

Blomme dra by tot die feestelike- en geestelike atmosfeer van die huwelikseremonie.

Indien die huwelik in die kerkgebou bevestig word, moet die volgende asseblief in gedagte gehou word:

- Reël vroegtydig met die koster 'n tyd waarop julle die blomme in die kerkgebou wil aanbring en verwyder. Wees asb bedagsaam teenoor die koster met die vasstelling van sodanige tyd, asook deur stiptelik te wees nadat so 'n afspraak gereël is.
- Wanneer kerse gebruik word, moet daar voorsorg getref word dat geen kerswas op die matte drup nie, of dat kerse geen brandgevaar inhou nie. Indien skade deur kerse veroorsaak word, sal kostes vir herstel van die huwelikspaar verhaal word.
- Geen duimdrukke mag gebruik word om bankruikertjies vas te sit nie.

7. Foto's en Video-opnames

Foto's en videos gaan vir nog baie jare daartoe bydra om julle aan die groot dag van julle huweliksbevestiging te herinner.

- Vra asb julle fotograaf om ook baie bedagsaam te wees *tydens* die huweliksdien. Dit kan baie steurend wees en afbreek doen aan julle seremonie indien hy/sy foto's neem tydens die prediking en bevestiging.
- Die videograaf is welkom om van die hele bevestigingsseremonie 'n opname te maak. Reël asseblief met die videograaf om nie tydens hierdie opname te veel rond te beweeg nie.

8. Video-opname

- Die gemeente beskik oor 'n video-opname-beeldstroomfasiliteit. Reël asseblief met die kantoor om die opname te hanteer, en voorsien haar van 'n geheuestokkie indien julle so 'n opname verlang. [‘n Ekstra fooi is hieraan verbonde, aangesien ’n personeellid hiervoor ingespan word.]

9. **Musiek**

Musiek dra by tot die feestelike en geestelike atmosfeer van die bevestigingsgeleentheid.

- Hierdie punt moet saamgelees word met punt 4 hierbo.
- Neem asb in ag dat die huweliksbevestigingsgeleentheid 'n geestelike geleentheid is wat die karakter dra van 'n Christelik-godsdienstige aard. Die bevestiging vind plaas in die teenwoordigheid van die Here waar sy Woord bedien word en ons in gebed voor Hom saam is. Die aard van al die musiek moet dus by hierdie geleentheid pas.
- Die keuse van liedere wat tydens die huweliksbevestiging deur die gemeente gesing word, berus by julle as voornemende egpaar. Liedere uit die kerk se Liedboek is geskik. Bespreek die aangeleentheid van die keuse van julle liedere met die huweliksbevestiger.
- Aangesien die gemeente normaalweg nie Liedboeke na 'n huweliksbevestigingsgeleentheid bring nie, kan die liedere wat gesing word op 'n blaadje of pamflet aan die teenwoordiges beskikbaar gestel word.
- Indien 'n solis, koor of instrumentalis optree, moet die keuse van die musiek wat voorgedra word ook 'n Christelik-godsdienstige karakter dra en gepas wees vir 'n erediens. Reël met die huweliksbevestiger die spesifieke tydstip waarop die solis, koor of instrumentalis sal optree. Let asseblief daarop dat indien die huweliksbevestiging in die kerkgebou plaasvind en die solis, koor of instrumentalis saam met die orreliste moet optree, dat die aangeleentheid volledig en betyds met die *orrelis* ook bespreek moet word.
- 'n CD kan ook tydens die bevestigingsdiens gespeel word. Indien die huweliksbevestiging in die kerkgebou plaasvind, kan julle met die koster reël om die CD te speel, aangesien die kerkgebou oor 'n CD-speler beskik. Reël ook met die huweliksbevestiger die spesifieke tydstip waarop die CD gespeel moet word. 'n CD wat gespeel word, moet 'n Christelik-godsdienstige karakter dra en gepas wees vir 'n erediens.

10. **Kussinkies**

- Besluit self of julle met die huweliksbevestigingsdiens gaan kniel tydens die gebed. Bespreek dit met die huweliksbevestiger.
- Indien die huweliksbevestiging in die kerkgebou plaasvind, kan julle met die koster reël om die kerk se kussinkies (of julle eie) voor die preekstoel te plaas.

11. **Teken van Huweliksregister**

- Indien die huweliksbevestiging in die kerkgebou plaasvind, moet julle self besluit of julle die register in die kerk (voor die gemeente) wil teken. Bespreek dit met die koster wat 'n tafel gereed sal maak vir hierdie doel.
- Indien die huweliksbevestiging in 'n ander lokaal as die kerkgebou plaasvind, moet 'n geskikte plek voorberei word vir die teken van die huweliksregister. Bespreek die aangeleentheid vooraf met huweliksbevestiger.
- As voornemende egpaar moet julle vooraf besluit wie die twee persone is wat as getuies gaan teken in die huweliksregister. 'n Gewaarmerkte afskrif van hierdie twee persone se identiteitsdokumente moet voor die huweliksbevestiging aan die huweliksbevestiger besorg word.
- Sodra die huweliksregister geteken is, sal die huweliksbevestiger aan julle 'n Huweliksbevestigingsertifikaat oorhandig. Bewaar dit asseblief sorgvuldig. [Nadat julle huwelik deur die huweliksbevestiger by Binnelandse Sake geregistreer is – gewoonlik binne

twee weke ná die huweliksbevestiging - kan die bruid aansoek doen vir haar nuwe Identiteitsdokument. Julle kan ook by Binnelandse Sake vra vir 'n gedrukte huweliksertifikaat.]

- Veral in die geval waar 'n geskeide of weduwee/wewenaar weer trou, is dit belangrik om die huwelikstatus vooraf na te gaan by Binnelandse Sake. Selfs wanneer so 'n persoon reeds 'n egskeidingsbevel of sterftesertifikaat ontvang het, beteken dit nog nie dat sy/haar huwelikstatus by Binnelandse Sake verander is nie. Om dit na te gaan kan 'n persoon sy haar Identiteitsnommer (voorafgegaan deur "M" en 'n spatie) sms na **32551**. L.W. Hierdie Sms'e kos R10.

12. Konfetti

Konfetti dra by tot die feestelike karakter van 'n huweliksbevestiging.

- Indien die huweliksbevestiging in die kerkgebou plaasvind, word julle vriendelik versoek om konfetti te gebruik wat nie die tuin en omgewing sal besoedel nie, en bio-afbreekbaar is. Die gemeente sal ook versoek word om die konfetti buite die kerkgebou te strooi.

13. Programmetjie

Dit is gebruiklik om 'n programmetjie by die bevestigingsdiens beskikbaar te stel vir die gemeente. Die belangrikste is dat die liedere wat gesing gaan word op die programmetjie aangebring word. Julle is self verantwoordelik vir die opstel, duplisering en uitdeel van die programmetjie.

14. Aanvangstyd van Huweliksbevestigingsdiens

Die aanvangstyd van die huweliksbevestigingsdiens word met die huweliksbevestigter afgespreek. Handhaaf asb hierdie afspraak stiptelik. Dit is nie baie bedagsaam teenoor julle gaste om laat op te daag vir die huweliksbevestiging nie. Versoek asseblief die motorbestuurders en fotograaf/videograaf *lank voor die tyd* om die aanvangstyd van die huwelikeremonie te respekteer.

15. Onthaal

Die huweliksbevestiging vind plaas in die teenwoordigheid van die Here, rondom sy Woord en met die bede dat sy ryke seën op die huwelik sal rus. Die huwelik word in sy Heilige Naam bevestig. Dié bevestigingsgeleentheid is dus die hoogtepunt van die dag.

Die huweliksonthaal is deur baie eeue egter deel van die feestelikheid van 'n huweliksbevestiging. Dit is 'n geleentheid om vrolik en uitbundig fees te vier. Aangesien dit net ná die bevestiging in die Here se Naam plaasvind, word julle opgeroep om die onthaal as feesgeleentheid só in te rig dat dit ook tot eer van die Here kan wees.

16. Huwelik Op- of Sonder Huweliksvoorwaarde

As voornemende egpaar moet julle saam besluit of julle *op-* of *sonder* huweliksvoorwaarde (m.a.w. *buite* of *binne* gemeenskap van goedere) in die huwelik wil tree. Dit is verstandig om die hele aangeleentheid as paartjie saam met 'n prokureur te bespreek, ten einde die beste keuse uit te oefen.

- Indien julle *op* huweliksvoorwaarde (m.a.w. *buite gemeenskap* van goedere) gaan trou, sal die prokureur vir julle 'n huwelikskontrak opstel. Bespreek ook met hom die koste hieraan verbonde.
- Indien die prokureur vir julle so 'n kontrak opstel, moet hy julle asseblief van 'n brief voorsien waarin bevestig word dat die kontrak opgestel is. Julle moet asseblief die brief (of 'n afskrif daarvan) aan die huweliksbevestigter oorhandig.

17. Testament

Aangesien julle belange en verantwoordelikhede verander die oomblik as julle in die huwelik tree, is dit belangrik om aan julle testament aandag te gee. Gaan gesels met 'n kundige, by jou bank of die prokureur, in hierdie verband.

18. Geskei

Indien een of albei van julle voorheen getroud was en die huwelik(e) deur egskeiding(s) ontbind is, moet alle inligting daarvoor aan die huweliksbevestiger bekend gemaak word. Dit is om twee redes belangrik :

- Die predikant wil dit in berekening bring in die voorbereidende gesprekke met die oog op julle huwelik.
- 'n Gesertifiseerde afskrif van elke egskeidingsertifikaat, soos uitgereik deur die hof(howe) wat die huwelik(e) ontbind het, moet aan die huweliksbevestiger oorhandig word.
- **Huwelikstatus: Kontroleer asb die huwelikstatus van enige party wat voorheen getroud was vóór die huwelik!** Dit mag wees dat Binnelandse Sake nie 'n huwelik wil registreer nie, omdat 'n egskeiding van een of albei partye nog nie geregistreer is nie. Hoe kan ek dit kontroleer?
- **Per SMS:** Suid-Afrikaanse burgers se huwelikstatus kan gekontroleer word deur die letter M, gevolg deur die persoon se ID-nommer (byvoorbeeld M 5001010050080) na **32551** te SMS. 'n SMS as reaksie sal binne oomblikke ontvang word. Daarin word die huwelikstatus, sowel as die datum van die huwelik – indien 'n huwelik geregistreer is - vermeld. SMS'e kos R10 en word deur jou netwerkdienverskaffer verhaal.
- **Aanlyn:** SA-burgers se huwelikstatus kan ook op die webblad van die Departement van Binnelandse Sake gekontroleer word deur middel van 'n ID-nommer. Hierdie diens is beskikbaar by http://www.dha.gov.za/enquiry/marital/status/marital_status.asp

19. Wewenaar/Weduwee

Indien een of albei van julle voorheen getroud was en jou (julle) huwelikmaat(s) jou (julle) deur die dood ontval het, moet alle inligting daarvoor aan die huweliksbevestiger bekend gemaak word. Dit is om twee redes belangrik :

- Die predikant wil dit in berekening bring in die voorbereidende gesprekke met die oog op julle huwelik.
- 'n Gesertifiseerde afskrif van elke doodsertifikaat moet aan die huweliksbevestiger oorhandig word.

20. Minderjarig

Indien een of albei van julle op die dag van julle huweliksbevestiging minderjarig is, m.a.w. jonger as 18 jaar, moet 'n toestemmingsvorm deur jou (julle) ouers(s) of wettige voog(de) ingevul en aan die huweliksbevestiger oorhandig word. [Versoek die huweliksbevestiger vir sodanige vorm.]

21. Huweliksvoorbereiding

- 'n Positiewe en openhartige gesindheid teenoor die predikant gaan baie daartoe bydra dat die gesprekke in voorbereiding op die huwelik vir julle van waarde gaan wees. Neem hom in julle vertroue, sodat julle sinvol en opbouend kan gesels.
- In voorbereiding op julle huwelik gaan dit vir julle van groot waarde wees om goeie leesstof met betrekking tot die huwelik onder oë te neem.

22. Huweliksverryking

- Die huwelik is 'n verhouding wat voortdurende groei vra.
- Huweliksverrykingsgeleentede is geleentede wat aangegryp moet word ten einde julle huweliksband te verstewig en julle verhouding te laat groei. Maak gerus op julle huwelikspad van hierdie geleentede gebruik.

23. **Huweliksprobleme**

- Huweliksprobleme is nie 'n skande nie. Dis amper 'n normale realiteit in 'n verhouding tussen twee mense wat deur die branders van die lewe saam wil oorleef. Die skande, spanning en seer kom as mens nie die probleme wat bestaan, wil erken en daaraan wil werk nie. 'n Verhouding het die potensiaal om te groei uit huweliksprobleme wat verstandig opgelos is!
- Neem die vrymoedigheid om betyds en vertroulik met julle predikant of enige huweliksberader gesprek te voer oor spanning en probleme in julle verhouding.

24. **Dokumente**

Die volgende dokumente moet nie later nie as een week vóór die huweliksbevestiging aan die huweliksbevestiger oorhandig word :

- Gesertifiseerde afskrifte van beide van julle se identiteitsdokumente.
- Gesertifiseerde afskrifte van die identiteitsdokumente van die twee persone wat as getuies gaan teken. (Sien Punt 11 hierbo.)
- **3 ID-foto's** van die bruid en bruidegom onderskeidelik.
- Gesertifiseerde afskrifte van jou (julle) egskeidingsertifika(a)t(e), indien van toepassing. (Sien Punt 18 hierbo.)
- Gesertifiseerde afskrif(te) van doodsertifika(a)t(e) van vorige huweliksmaat(s), indien van toepassing. (Sien Punt 19 hierbo.)
- Die vorm van toestemming vir minderjariges, indien van toepassing. (Sien Punt 20 hierbo.)

NB: Die AANSOEK OM IN DIE HUWELIK BEVESTIG TE WORD, wat hierby aangeheg is, moet volledig voltooi word en so spoedig moontlik aan die huweliksbevestiger (predikant) besorg word.

**AFDELING B:
AANSOEK OM IN DIE HUWELIK BEVESTIG TE WORD**

Vul asseblief hierdie vorm volledig in en besorg dit so spoedig moontlik aan die huweliksbevestiger (predikant).

1. Besonderhede van man

Volle naam en van :

Noemnaam :

ID.nommer :Ouderdom :

Land van burgerskap :

Plek van geboorte (dorp/stad) :

Permanente woonadres :

Poskode :

Tel no :Sel no :

Kerk/Gemeente waar jy tans inskakel :

Naam en kontaknommer van jou plaaslike predikant :

.....

Huwelikstaat : [Omkring / onderstreep asb die toepaslike aanduiding.]

Jonkman (Nog nooit getroud) Wewenaar Geskei

Indien jy 'n wewenaar is, wanneer is jou eggenote oorlede? :

Indien jy geskei is, in watter hof, waar en wanneer is jy geskei? :

.....

Hoogste akademiese kwalifikasie :

Huidige beroep:

2. Besonderhede van Vrou

Volle naam en (huidige wettige) van :

Noemnaam :

Nooiensvan :

ID.nommer :Ouderdom :

Land van burgerskap :

Permanente woonadres :

Poskode :

Plek van geboorte (dorp/stad) :

Tel no :Sel no :

Kerk/Gemeente waar jy tans inskakel :

Naam en kontaknommer van jou plaaslike predikant :

.....

Huwelikstaat : [Omkring / onderstreep asb die toepaslike aanduiding.]

Jongedogter (Nog nooit getroud) Weduwee Geskei

Indien jy 'n weduwee is, wanneer is jou eggenoot oorlede? :

Indien jy geskei is, in watter hof, waar en wanneer is jy geskei? :

.....

Hoogste akademiese kwalifikasie :

Huidige beroep:

As wat moet jou van ná die troue in die bevolkingsregister aangeteken word? (Man se van, 'n van wat jy voorheen gehad het, nooiensvan, of samestelling tussen nooiensvan en man se van).

.....

3. Getuie 1 (persoon bo 18 jaar wat as getuie teenwoordig is by huweliksluiting)

Volle naam en van :

ID.nommer ::

Tel / sel :

4. Getuie 2 (persoon bo 18 jaar wat as getuie teenwoordig is by huweliksluiting)

Volle naam en van :

ID.nommer ::

Tel / sel :

5. Algemeen

• Datum waarop julle in die huwelik wil tree :

• Tyd waarop julle in die huwelik wil tree :

• Kerkgebou of ander lokaal (en adres) waar huweliksbevestiging gaan plaasvind :

.....

• Maak julle gebruik van die kerk se orrelis vir begeleiding, of van iemand anders? Indien van iemand anders, vermeld asb sy/haar naam en telefoonnommer :

.....

• Verstrek die volledige adres (met poskode) waar julle julle gaan vestig ná julle huweliksbevestiging :

.....

• Is daar enige ander saak wat julle graag onder die huweliksbevestiger se aandag wil bring? :

.....

6. Verklaring

Ons, die ondergetekendes, bevestig hiermee dat ons ons vergewis het van die inhoud van die inligtingstuk en dat ons onderneem om ons te hou by die riglyne daarin vervat :

Man : **Vrou :**

7. Bevestiging dat afspraak gereël is :

Bevestig asseblief deur die toepaslike blokkie te merk dat reëlings met die volgende persone getref is :

Huweliksbevestiger (Predikant) :

Kantoorbestuurder vir Bespreking van Kerkgebou :
(Indien julle van Kerkgebou gebruik maak)

Orreliste :
(Indien julle in kerkgebou trou)

Koster :
(Indien julle in kerkgebou trou)

Epos of whatsapp asb die bewys van betaling van die toepaslike fooi(e) [Verwysing: Datum van troue & Ds Naam] soos in hierdie dokument vermeld nie later nie as 'n week vóór die bevestiging na die huweliksbevestiger.

**AFDELING C
NED GEREF KERK HARTENBOS**

BEVESTIGING VAN BETALING VAN HUWELIKSGELDE

- Alle huweliksgelde is betaalbaar by die kerkkantoor van die NG Kerk Hartenbos. Dit kan ook elektronies inbetaal word in die kerk se rekening. Rekeningbesonderhede van NG Kerk Hartenbos: Naam van ABSA tjekrekening: NG Kerk Hartenbos; Rekeningnommer: 2070 5800 15 Takkode: 632005
- Alle huweliksgelde is ten minste een week voor die huweliksdatum betaalbaar.
- Hierdie vorm moet deur die kantoorpersoneel van die NG Kerk Hartenbos voltooi en geteken word met betaling van die gelde. [**Alternatiewelik**: Indien die inbetaling elektronies gedoen word, epos asb hierdie voltooide vorm én die bewys van betaling aan die kerkkantoor en/of huweliksbevestiger met die volgende inligting daarby: Name van voornemende bruidspaar; huweliksdatum en die naam van die huweliksbevestiger.]

Hiermee verklaar die kerkkantoor van die NG Kerk Hartenbos die volgende :

Naam en Van van Bruidegom en Bruid:

Naam en Van van huweliksbevestiger :

Datum en tyd van Huweliksbevestiging soos gereël met kantoor :

Let Wel! As die huweliksbevestiging in 'n ander lokaal as die kerkgebou plaasvind, is slegs die Administratiewe Fooi en Reiskoste betaalbaar.

Die volgende gelde is betaal: (Merk asb die toepaslike)

<u>Administratiewe Fooi</u> :	R950-00	(Vir gemeentelede)
	R1200-00	(Vir nie-gemeentelede)
<u>Kerkgebou</u> :	Gratis	R0-00	(Vir gemeentelede)
		R500-00	(Vir nie-gemeentelede)
		R300-00	(Gebruik van kerk se rekenaar)
<u>Koster</u> :		R350-00
<u>Orreliste</u> :		R600-00	(Indien daar geen solis- of instrument-begeleiding plaasvind nie.)
		R650-00	(Indien solis- of instrument- begeleiding plaasvind.)
<u>Reiskoste</u> :		Indien huwelik in 'n ander lokaal as die kerkgebou bevestig word, @ R3/km.
		TOTALE BEDRAG BETAAL

Epos of whatsApp asb die bewys van betaling van die toepaslike fooi(e) [Verwysing: Datum van troue & Ds Naam] soos in hierdie dokument vermeld nie later nie as 'n week vóór die bevestiging na die huweliksbevestiger.

AFDELING D: HUWELIKSFOMULIER

- Julle bely julle liefde teenoor mekaar. Daarom het julle besluit om te trou.
- Julle huweliksluiting vind plaas in die Naam van die Here en in gebed om sy seën op julle huwelikspad. Julle moet nog ontdek watter wonderlike seëninge die Here vir julle in sy skatkamers weggebêre het!
- Julle huweliksluiting bring julle tot 'n lewenslange verbintenis. Hierdie verbintenis gaan vir julle baie vreugde bring, maar dit gaan ook verantwoordelikhede bring.
- As julle in die huwelik gaan lewe soos wat die argitek van die huwelik, die Here dit bedoel het, sal julle sy seën en vreugde ervaar, en sal julle ook toegerus word vir die verantwoordelikhede wat op julle skouers rus. Daarom word julle aangemoedig om die huweliksformulier saam en biddend te lees en daaroor te gesels.

HUWELIKSFOMULIER

Die huwelik is deur God ingestel toe Hy aan die begin gesê het: *Dit is nie goed dat die mens alleen is nie; Ek sal vir hom iemand maak wat hom kan help, sy gelyke.*

So het Hy hulle as man en vrou geskep om mekaar as huweliksmaats aan te vul en by te staan. Om so deur die Here verenig te wees is 'n voorreg, 'n vreugde en 'n verantwoordelikheid.

Die huwelik is 'n hegte eenheid waarin daar geen plek vir 'n derde persoon is nie. Hierdie eenheid is die diep geheim van 'n gelukkige lewe, die grondslag van 'n gesonde gesinslewe en die hoeksteen vir 'n stabiele samelewing. Egpare wat in God hul eenheid, geluk en toekoms vind, en wat hulle lewe inrig onder heerskappy van sy Woord en Gees, is vir mekaar, vir hul familie, die kerk en die samelewing 'n vreugde, krag en inspirasie. Dit gee aan 'n egpaar die vrymoedigheid om vir sy leiding op hul huwelik te bid.

Man en vrou moet uit eerbied vir Christus aan mekaar onderdanig wees. Respekteer mekaar.

As man moet jy jou vrou liefhê soos Christus die gemeente liefgehad het. Soos Christus die hoof van die gemeente is en Homself daarvoor oorgegee het, is jy hoof van jou vrou, en moet jy haar in liefde dien, lei en beskerm.

As vrou moet jy weet dat dit God is wat jou aan jou man verbind het, net soos die gemeente aan Christus verbind is. Soos die gemeente die Here liefhet en in gehoorsaamheid volg, so moet jy jou man liefhê en hom volg in alles wat reg en billik is.

Daarom moet julle albei opkyk na die Here en vir Hom sê: Aan U bly ons altyd gehoorsaam en getrou. Ons sal u Woord lees, dit oordink, ons lewe daarvolgens inrig, saam bid en U saam dien.

Leef uit dít wat Christus aan julle geskenk het. Bou met liefde en vertrouwe voort op die mooi dinge wat julle in mekaar gevind het. Vermy selfsug en eiesinnigheid – dit verbreek die gemeenskap tussen mense. Gee julleself aan mekaar op allerlei maniere, met erns en met humor, in gelukkige oomblikke en in moeilike omstandighede. Moenie toeklaar dat iets of iemand ooit tussen julle kom nie. Wees daarop voorberei dat die Satan nooit genoeg neem met wat goed en mooi is nie. Soos wat hy die ongeluk en die dood aan die begin in die wêreld ingebring het, so probeer hy deur die eeue om 'n wig in te dryf tussen man en vrou, en tussen egpare en hul God. Soek altyd jul krag in Christus wat die Bose oorwin het. Deur sy Woord en Gees heilig Hy die gesin as sy kerk in die klein.

*As die Here aan julle die voorreg gee om kinders te hê, maak hulle groot met die dubbele versekering: Ons is gebore uit die liefdesverbond tussen ons ouers, en ons leef as huisgesin uit die genadeverbond wat die hemelse Vader met sy kinders in stand hou.

Vrae :

Aanvaar julle alles wat die Here vir ons in sy Woord oor die huwelik leer? Is dit julle opregte voorneme om julle huwelikslewe hiervolgens in te rig? En begeer julle om met die seën van die Here in die eg verbind te word?

Verklaar julle dat sover julle weet daar geen wettige beswaar teen julle voorgenome huwelik is nie? Aanvaar julle almal teenwoordig as getuies dat julle mekaar tot wettige man en vrou neem?

Belofte : Voor God en sy gemeente, beloof ek liefde en trou, vir altyd en in alle omstandighede, aan jou, my bruid(egom).

Huweliksreëlings vir Voornemedede Huwelikspare

Lig asb die predikant wat julle in die huwelik gaan bevestig in oor die volgende sake nie later nie as 'n week voor julle troue.

1. Het julle die kerk/ lokaal al bespreek waar julle huwelik bevestig moet word?..... Ja / Nee
[Indien die seremonie in 'n ander gebou as die kerk plaasvind, is daar gereël vir 'n klanksisteem?] Ja / Nee
2. Is daar met die koster reëlings getref (bv indien julle blomme wil plaas in die kerk, of die seremonie vooraf wil oefen)?..... Ja / Nee
3. Het julle gereël met 'n orrelis/ musikante indien benodig? Ja / Nee
4. Hoe moet die program verloop? [Éers prediking, dan bevestiging; of omgekeerd?]
5. Gaan daar fotos/ video geneem word tydens die bevestigingsdiens? Ja / Nee
6. Is daar enige voorkeur van liederes wat gesing moet word, of Bybelteks waaruit gepreek moet word? Ja / Nee
of moet die prediker self kies? Ja / Nee
7. Wie, indien enige, gaan almal tydens die bevestigingsdiens optree (bv sangers/ musikante)?
8. Wil julle kniel met die seënbede? Ja / Nee
9. Teken van die huweliksregister: Moet die gemeente nog sit in die kerk/lokaal terwyl julle onderteken, Ja / Nee
of moet hulle buite wag? Ja / Nee
10. Het julle gereël vir twee getuies (gewoonlik een van die ouers aan beide kante)?..... Ja / Nee
11. Wil julle die huweliksbelofte hardop aan mekaar voorsê, Ja / Nee
of wil julle slegs bevestigend antwoord op die beloftevrae?..... Ja / Nee
12. Het julle enige huweliksvoorbereidingskursus deurloop? (Ten sterkste aanbeveel.) Ja / Nee
13. Is julle oortuig dat daar geen graad van verwantskap tussen julle bestaan wat die voltrekking van julle voorgenome huwelik verbode maak nie?..... Ja / Nee

Besorg asb ook die volgende dokumente/ besonderhede aan die bevestiger ten minste een week vóór julle huweliksbevestiging.

- * 'n Afskrif van die eerste bladsy van julle ID boekies, of Identiteitskaarte.
- * 'n Afskrif van die eerste bladsy van die ID boekie of Identiteitskaart van die twee persone wat as getuies gaan teken. [Sien pt 10 hier bo.]
- * Julle woon- en posadres ná julle troue.
- * Die vrou se van ná die troue soos dit in die bevolkingsregister aangeteken moet word (man se van, 'n van wat sy voorheen gehad het, nooiensvan, of samestelling tussen nooiensvan en man se van).
- * Kontak telefoonnommers (by die huis en werk).
- * Die finale egskeidingsbevel (indien van toepassing).
- * Die Sterftesertifikaat van die oorlede eggenoot/ eggenote (indien van toepassing).